

Sondag 21 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 5:6-14

Die nuwe lewe beteken ons is lig in die Here

In die samelewing is daar steeds mense wat goddeloos lewe, en gelowiges kan maklik in so 'n lewe terugval. Om nie terug te val nie, is dit belangrik om niks te doen te hê met onwaarhede van valse leraars nie, want hulle mislei ander deur byvoorbeeld te verkondig dat ons maar roekeloos kan lewe, want God sal uiteindelik vergewe.

Ons het uit die duisternis na die lig oorgegaan, want Christus is die Lig van die wêreld en Hy red ons sodat ons lig is. Lig is die simbool van waarheid, die regte verhouding met God en nuwe lewe. Ons is nou self lig en ons lewe moet soos lig wees – helder, oop en deursigtig.

Soos lig, kan ons nuwe lewe nie weggesteek word nie en daarom straal uit ons lewe alles wat reg is volgens God se wil, asook die waarheid van die Woord. Ons kan die lig uit-dra deur ondersoek in te stel of iets vir die Here aanneemlik is. Dit geld by elke besluit, keuse of advies. So dra ons vrug as lig. Die praktyke van die duisternis is vrugteloos.

Ons kan die dinge wat in die duisternis gedoen word, ontbloot deur die kwaad oop te vlek en te bestraf. In die gemeente is die bestraffing in liefde en teenoor ongelowiges is die doel om hulle van die krag van Christus te oortuig om hulle lewe radikaal te verander. Hulle kan hulle sonde insien, hulle verlorenheid erken en bely, begelei word na Christus en self saam met Hom lig word.

Sing: Psalm 27-1:1

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)